Die Doop word vanoggend bedien aan Johannes Calvyn Badenhorst en Juanné Victor, die kinders van Gerrie en Annelize Badenhorst. Ons is saam met julle dankbaar by hierdie wonderlike geleentheid. Baie welkom ook aan familie en vriende wat vanoggend saam met ons hier aanbid.

Tema: Christus, ons Koning roep en bemagtig ons om sy koninkryk (nie ons eie), te bou.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 190: 1, 2, 3
Lied 175: 1

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 176:1
Votum
Seën
Loflied Sb 5 - 3: 1, 2
Geloofsbelydenis: 12 Artikels - almal hardop saam.

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Eksodus 20 visueel vir kinders voorgehou
Sing (gerig op ons kinders) Lied 553: 1
Gebed.

Sakramentbediening
Formulier vir bediening van die Doop
Bediening
Sing Ps. 105 - 1: 5
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: Matteus 3.
Teks: Matteus 3: 2, 11- 12
Heidelbergse Kategismus Sondag 48
Sing Ps. 110-3: 1, 2 (kinders gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing biddend in antwoord op die prediking Sb 10 - 1: 1,2 (Mel Ps. 50 tweede melodie Melita)
Seën
Amenlied: Sb 13-3

Liefdegawes by die deure

Geliefde brs en srs en kinders

Toe die dissipels Christus se innige en getroue gebedslewe gesien het, het hulle hom gevra dat Hy hulle moet leer bid. En ons almal ken die gebed – die Ons Vadergebed – baie goed. Ons leer dit vir ons kinders en ons bid dit al van kleintyd af.

Ons kan aanvaar dat Jesus van die belangrikste dinge wat Hy ons wou leer in die gebed sou opneem. Belangrike dinge wat Hy wil hê ons op moet fokus, waaruit ons moet leef en waarvoor ons moet bid!

Die "koninkryk van God" is een van hierdie belangrikste sake of leringe wat Jesus in die gebed opneem met die bede: Laat U koninkryk kom! Maar die vraag is: wat beteken dit? Wat bid ons nou regtig as ons bid: Vader, laat U koninkryk kom! Hoekom is dit vir Jesus belangrik dat ons hierdie bede moet bid? En wat is die implikasies daarvan as ons dit bid?

Vanuit ons teksverse blyk dit dat Johannes die Doper van mening was dat dit ŉ baie gevaarlike gebed is om te bid! Want waarvoor bid ons eintlik? Ons bid eintlik dat God ons moet verander! Ons denke oor die Koninkryk en ons lewe binne die Koninkryk moet ingrypend verander! En dis wat Johannes bedoel wanneer hy sê: Bekeer julle want die koninkryk van God het naby gekom!

En daarom sê die Here vanmore vir ons sê: Christus, ons Koning roep en bemagtig ons om sy koninkryk (nie ons eie), te bou. En daarom ook die oproep: Bekeer julle! Verander, vernuwe jou denke oor die koninkryk van God en ook jou dade daarbinne sodat God deur jou sy koninkryk sigbaar kan uitbrei. Dit is God se boodskap vanoggend.

Kom ons kyk eerstens wat die begrip "koninkryk van God" beteken in die konteks van ons teksverse.
In die tweede plek gaan ons kyk hoe ons denke oor die koninkryk van God moet verander
Derdens gaan ons hoor hoe Christus ons toerus en gebruik om sy koninkryk te bou.

In die eerste plek dan: wat beteken die begrip "koninkryk van God"?

Vir ons moderne mense klink die woorde "koninkryk" en "koning" vreemd. Ons gebruik nie meer hierdie begrippe nie. Die naaste wat ons daaraan kom is wanneer ons lees van die koningin van Engeland met prins Harry en Megan en die naam van Engeland as "Verenigde Koninkryke". Ons klein kindertjies hoor ook daarvan in sprokiesverhale nê? In kinderstories soos Raponsie, Repelsteeltjie en Goue Lokkies hoor ons nog van konings en koninginne, prinse en prinsesse en hulle koninkryke as die land waar hulle bly!

Wat beteken dit dan wanneer ons vanmore lees van die koninkryk van God en God as Koning?

Ons teksgedeelte begin met die woorde "in daardie tyd". Waarna verwys "daardie tyd" ? Dit verwys na twee sake. **Eerstens** verwys dit na die tyd van Christus se geboorte en hoe die sterrekykers by Koning Herodus gekom het om te vra na die

geboorte van die koning van die Jode. As Johannes sê: die koninkryk het “naby” gekom, verbind hy Christus as Koning aan die koninkryk van God. Reeds met Jesus se geboorte is die begrip “Koning” aan Hom verbind. Hy gaan God se regering herstel.

Tweedens verwys die woorde “in daardie tyd” na die spesifieke oomblik, die moment in tyd in die geskiedenis van die wêreld. Die Ou Testamentiese tyd was verby. 400 Jaar het sedert Maleagi (die laaste boek van die OT) verloop voordat God enige openbaring gegee het. **Johannes die Doper was die eerste profeet na 400 jaar en hy verbind die OT aan die NT en lei die bedeling van die Nuwe Testament in. Sy taak was om die mense gereed maak vir die koms van Jesus Christus en daarom kondig hy ook aan: Die koninkryk van God het naby gekom.**

Maar waar kom Johannes aan hierdie begrip en hoekom gebruik hy dit as tema vir sy preke?
Hy en al die Jode van sy tyd het die begrip baie goed geken. Alhoewel die begrip “koninkryk van God” nie in die Ou Testament voorkom nie, was die boodskap daaroor reeds duidelik.

(skyfie 1) Reeds in **Genesis 1 : 1** lees ons: Aan die begin het God die hemel en die aarde gemaak. Die ganse skepping behoort aan God en Hy regeer daaroor. Die aarde – die hele skepping – is God se grondgebied – sy koninkryk en Hy regeer as koning daaroor. God is koning en sy wil geld vir sy koninkryk en sy koningskap bly vir ewig, sê die Skrif.

(skyfie 2) Die duiwel wou egter God se heerskappy omver gooi en hy dring homself met die sondeval tussen God en die skepping in. Nou lyk dit oënskynlik of die duiwel regeer en sonde die wêreld oorgeneem het. **Maar God het reg van die begin af vir die wat in Hom glo belowe dat sy heerskappy weer sou seëvier**.

(skyfie 3) Om hierdie rede beloof God in Jesaja 9 dat – anders as die konings van Israel - daar ’n ware Godskoning gebore sal word wat vir ewig sal regeer. Tot 5 keer kom die begrip koning, koninkryk of heerskappy in hierdie teks voor. **En aan hierdie belofte het die volk vasgehou en Johannes die Doper gryp nou hierna terug**. Hy sê: daardie koning en sy ryk het nou naby gekom.

(**wys skyfie 4**) Met Christus se geboorte het die deurbreek van God se heerskappy naby gekom en met sy kruis, opstanding en hemelvaart sou God se heerskappy weer sigbaar word.. Christus het die satan se heerskappy kom afbreek en God regeer nou deur Hom weer sigbaar die wêreld.

Brs en srs, die koninkryk van God of die koninkryk van die hemele **dui dus nie in die eerste plek op ’n gebied nie** want die hele aarde behoort immers aan God, dit is sy koninkryk. Die koninkryk van God verwys na die feit **hoe God sy heerskappy in en deur Jesus Christus sigbaar maak en uitbrei tot met die voleinding van die wêreld**. Dat die duiwel verwyder word en God Drie-enig weer alleen en volkome regeer.

Wys skyfie 5: **Die Koninkryk is dus ’n dinamiese begrip wat daarop dui hoe God elke dag sy heerskappy laat realiseer in die harte en in die dade van mense en**

hoe Hy dit uitbrei oor die aarde tot met Christus se wederkoms. Dit gaan dus om die uitbreiding van God se heerskappy, om dit bekend te maak en mense te laat buig onder die Koningskap van Christus. Dit gaan om die stryd teen die heerskappy van die duiwel en om hom in ons lewe en in hierdie wêreld te oorwin totdat Christus kom om hom finaal te verwyder.

(wys skyfie 6) Eenvoudig gesê vir ons kinders: Kinders: die Koninkryk van God beteken dat ek en jy glo dat God ons Koning is – ons luister vir Hom en doen wat Hy sê! Hy is Koning oor my hart en ek leef so dat al die mense kan sien dat ek Hom dien en gehoorsaam!

Brs en srs, verstaan jy nou waarom Jesus ons leer bid het: Laat U koninkryk kom? Dit gaan sy wil in my lewe en dat ek doen wat Hy wil! Ek moet sy wil uitleef in alles aspekte van my lewe!
Dis hoekom gelowige ouers ook by die Doop belowe dat hulle hul kinders sal grootmaak vir die Here! Dat hulle vir die kinders sal leer hoe wonderlike Koning God is en hoe Christus ons deel van God se koninkryk gemaak het en hoe ons nou elke dag vir Hom moet lewe!

Verstaan julle nou – in die lig van ons Fokustydstudie - waarom die Koning van hierdie Ryk, Jesus Christus, net voor sy vertrek na die hemel in Matteus 28 aan ons as sy onderdane die **groot opdrag gegee het om van sy heerskappy te vertel**.

Die **hoofdoel van die kerk** se bestaan is om self gehoorsaam aan die Koning te leef en vir almal van sy reddende Heerskappy te vertel sodat hulle aan Hom gehoorsaam sal word en in sy ryk sal deel. Dit is waaroor die koninkryk van die hemel of die koninkryk van God gaan en **die kerk is deel daarvan en word deur God gebruik om die koninkryk te bou. Dit is waarom ek en jy deel aan die ryk van Christus.**

Die vraag is: is dit waarmee ons besig is? Dit bring ons by die tweede hoofgedagte: dat ons ons moet bekeer en ons denke vernuwe oor hoe ons dink oor God se koninkryk

Want brs en srs, net soos vandag, het mense reg van die begin af hulle eie agenda met God se koninkryk gehad. **Hulle het gedink: God bou vir ons 'n koninkryk!** Dit gaan om ons en ons eie belange! Die mense wou vir hulleself 'n aardse koninkryk bou waar hulle in weelde en voorspoed kon leef. Dit is eintlik nie God se koninkryk nie – dis ons koninkryk – waar ons kan regeer en alles vir onsself kan vat!!!

In die tyd tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament het hierdie verkeerde verwagting in die volk Israel se denke sterker ontwikkel as wat dit nog in die tyd van ou Israel voor die ballingskap was! As gevolg van verdrukking en vervolging deur heidense volke – soos die Romeine in Jesus se tyd - het hulle al hoe sterker begin glo: wanneer die Messiaskoning kom, dan gaan alles vir ons weer regkom! Dan gaan ons weer in beheer wees en kan ons alles tot ons eie voordeel doen!

Hulle het geglo dat die belofte van Jesaja 9 weer die aardse ryk van Israel met sy mag en voorspoed sou bring. Dis waarom die dissipels selfs na Jesus se opstanding

in Handeling 1 vir Hom vra: “Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?” Dit was hulle verwagting!

Om hierdie rede het Johannes die Doper die Fariseërs en Sadduseërs as geestelike leiers so hard aangespreek het! Dis hoekom hy hulle nie wou doop nie! Hulle het hulle godsdiens en hulle geloof in die koninkryk **van God bedryf net tot hulle eie voordeel**. En daarom kon hulle nie deel aan die ware ryk van God nie tensy hulle hulle bekeer en hulle denke vernuwe en die fokus volledig op Christus en sy koninkryk gaan.

Want wat bid ons nou weer? Laat u koninkryk kom. Dit is: “Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp.....totdat die volkomenheid van u ryk kom, waarin U alles in almal sal wees.” Dis nie ons koninkryk nie – dis Christus se koninkryk en dit gaan oor Hom en wat Hy wil doen!

Wat beteken die Koninkryk dus nie en hoe moet ons nie daaroor dink of daarin optree nie?
Eerstens: Dit is nie ons as mense wat God se ryk laat kom nie. Dit is Hyself. Daarom word dit genoem koninkryk “van die hemel”. Dit word uit die hemel gestuur, bestuur en gedryf” God gebruik ons slegs as instrumente of hulpmiddels om sy Ryk te laat kom. Wat beteken dit prakties: geen menslike plan, geen bedieningstrategie, geen gemeente se evangelisasieveldtog, sendingaksie of wat ook al kan sonder God se seën ’n bydrae lewer om sy heerskappy bekend te maak of te laat uitbrei nie.

Dit beteken dat ons altyd nederig en biddend moet vra wat God wil hê ons moet doen. Dis nie ons kerk of ons koninkryk nie, en daarom altyd eerste: Here wat wil U hê moet ons doen?

Veral nou – in hierdie Pandemietyd waar alles in die wêreld en in die kerk verander het! Nou moet ons nie weer vasval in ons manier van dink en doen nie! Nou moet ons opnuut vra: is ons nog besig om werklik ons opdrag uit te voer soos God dit wil of het ons dalk ons eie “koninkrykie” begin bou.

Tweedens : Die koninkryk van die hemel beteken tweedens ook nie dat ons God se koninkryk bou - soos baie mense glo - **deur Christelike skole, universiteite of verenigings of Christelike regerings nie.** Natuurlik is daar niks verkeerd met sulke instellings nie – maar ons kan nie die samelewing so verchristelik of dan so God se ryk uitbrei nie. **Die koninkryk van God is ’n geestelike heerskappy in die harte van mense en ’n Christelike skool of regering waarborg nie gehoorsaam aan God nie.**

Derdens: die Ryk van God is ook nie **’n “hemel op aarde” wat nou reeds geskep word nie.** Daar is gelowiges wat net op hulleself fokus en vir hulleself lewe en niks met die wêreld te doen wil hê nie. **Nee, die koninkryk van God moet uitbrei! Ons moet juis daar buite in die wêreld teen die bose stry. Ons moet elke stukkie van hierdie aarde vir God terugwen van die Satan wat maak asof hy hier regeer! Die koninkryk het die wêreld in sy visier – dis waar ons besig moet wees met God en sy dinge!**

Vierdens: die ryk van God is ook nie iets wat **net eendag met die wederkoms sigbaar gaan word nie.** Met hierdie gedagte wil baie gelowiges sê: ag dit help niks ons probeer nou iets doen nie. God gaan eers eendag alles laat verander. **Nee, God se heerskappy is nou reeds sigbaar , veral in die kerk en oral in die lewe waar Hy gedien word.**

En daarom geliefdes, roep die Here ons elkeen vanoggend op tot bekering oor ons denke en dade in die koninkryk van God. Elkeen van ons en ons as gemeente sal opnuut hieroor moet besin.

Hoekom? Want Johannes preek en sê: die koninkryk het "naby" gekom! Hy bedoel: die Koning van hierdie Ryk – Jesus Christus – het gekom! Ja, Jesus is gebore en Hy het my en jou gered! Hy het jou met sy bloed deel gemaak van sy ryk. Onthou julle wat op die kennisgewing op Jesus se kruis gestaan het? "Die Koning van die Jode" het Pilatus laat skryf – min wetende dat Jesus die Koning van die wêreld is! Die koning wat gesterf het, het opgestaan! Hy sit nou aan die regterhand van die Vader en Hy regeer! Ek en jy is nou burgers in sy ryk!

Hy is ons Koning en daarom het Hy die reg om jou vanoggend te vra:
Hoe dink oor jou lewe as burger in My koninkryk? Hoe is jy besig om my koninkryk te bou? Is jy besig om my Ryk te dien of is jy hier net tot jou eie voordeel? Lewe jy uit die krag van die Heilige Gees wat Ek aan jou geskenk het! Is jy besig in jou stryd teen Satan en sy onregmatige heerskappy in hierdie wêreld? Lewe jy soos ŉ koning se kind met die vaste geloof dat God regeer en dat Hy weer kom?

Geliefdes, laat elkeen van **ons selfondersoek doen!** Regeer Christus waarlik in my hart of is ek maar nog aan stuur van my lewe? Is sy Ryk en die uitbreiding daarvan my hoogste prioriteit of bou ek my eie ryk van aardse voorspoed en genietinge?

Geliefdes, kom ons vernuwe ons denke en besef weer wat dit beteken om burgers van God se ryk te wees! Johannes die Doper sê: Ek doop met water maar Christus doop met die Gees en met vuur!. Wat beteken dit?

1. **Hy doop ons met sy Heilige Gees** as die gawe van die Koninkryk. Die lewe onder leiding van die Gees waarmee ek Jesus dien met my hele hart, my hele siel en al my kragte. Met sy Gees is ek tot alles in staat waartoe Hy my roep. Met Sy Gees kan ons as kerk met krag en groot oortuig in antwoord op sy roepstem sy evangelie boodskap aan almal verkondig met woord en daad. Toe die Heilige Gees op Pinkster uitgestort is – het die koninkryk van God met krag sigbaar geword en is dit deur die eeue gebou deur gelowiges en deur die kerk! Hy roep ons tot diens en Hy gee ons die wapenrusting vir die stryd: Die Heilige Gees!
   Daarom kan ons strydende burgers van sy koninkryk wees! En daarom sal ons oorwin!

2. **Tweedens doop Hy sy vyande met vuur** – die ewige hel waarin almal sal ly tot in ewigheid wat nie voor sy koningskap gebuig het en Hom gehoorsaam het nie.

Geliefdes, ons Koning roep ons vanmore om ons te bekeer en Hy rus jou toe deur sy Gees sodat ons sy – ja sy en nie ons koninkryk – kan bou.

Amen